
Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, July 30, 2020
Page: 53

**LBW | RUBRIEK** **GELDBEPLANNING** | JOHAN BRANDT



# Lewende hawe en boedels

**Die getal lewende hawe wat by afsterwe deel van 'n boer se boedel is, kan ernstige gevolge inhou vir die boedellikiditeit. Erfgename kan minder erf as wat die plan was, en belasting kan ook meer raak. Daar is egter 'n oplossing.**

Baie boere het oor die jare groot veekuddes opgebou, dikwels in hul eie naam en wat op hul state vertoon word. Lewende hawe verdwyn egter soms wonderbaarlik wanneer 'n boedel ter sprake kom.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het onlangs 'n outomatiese belastingaanslag bekend gestel wat letterlik beteken hy kry toegang tot jou bank en die meeste ander finansiële instellings waarmee jy sake doen. 'n Aanslag word op grond van hierdie inligting uitgereik. Indien jy dit nie bevraagteken nie, word dit as die finale aanslag beskou.

Die relevansie hiervan tot boere en lewende hawe is dat ons nooit moet dink lewende hawe word nié opgetel nie.

Voor 1 Maart 2016 is lewende hawe teen markwaarde ingebring as deel van 'n bona fide-boer se boedel. Kapitaalwinsbelasting is teen 'n effektiewe koers van 18% betaal.

Sedert 1 Maart 2016 word lewende hawe egter teen markwaarde belas ingevolge die boer se inkomstebelastingkoers, met 'n maksimum marginale koers van 45%.

Boere se boedellikiditeit is ernstig geknou weens hierdie wysiging (artikel 9(H) A). Berekenings toon dat 'n boer met lewende hawe ter waarde van R5 miljoen 'n toename van soveel as 25% in likiditeitbehoefte by afsterwe kan hê. Gevolglik gaan erfgename 25% minder erf en Jan Taks gaan 25% meer kry.

Die een oplossing is dat die boer sy lewende hawe aan 'n maatskappy verkoop waarvan sy trust die belange hou. Die transaksie moet egter teen markwaarde plaasvind. Die definisie van markwaarde is kortliks dat dit die waarde is wat verkry sou word tussen 'n gewillige koper en verkoper in 'n sogenoemde "armlengte-transaksie". Jy kan dus nie jou lewende hawe teen drawaarde aan die maatskappy oordra nie.

As jy dit teen markwaarde doen, ontstaan 'n leningsrekening tussen jou as verkoper en die maatskappy wat in elk geval 'n verbonde persoon is ten opsigte van die trust. Dit lei weer daartoe dat artikel 7C van die Inkomstebelastingwet van toepassing is. Dié artikel bepaal dat enige lening aan 'n trust waar die uitlener 'n verbonde persoon is, onderhewig is aan rente teen die amptelike koers wat op die uitstaande lening bereken is. Indien die rente nie gehef word nie, moet die uitlener geskenkebelasting op die rente betaal.

## DEELOES-OOREENKOMS

'n Ingewikkelder oplossing is 'n *sheep lease-* of deeloes-ooreenkoms. Dit is 'n gespesialiseerde gebied waarby kundiges betrek moet word. Die plan werk as volg:

- Die boer gaan 'n deeloes-ooreenkoms met 'n maatskappy of trust aan met die voorwaarde dat die maatskappy/trust dieselfde aantal lewende hawe aan die eienaar terugbesorg by die verstryking van die kontrak.
- Die maatskappy/trust betaal 'n bedrag aan die eienaar gelykstaande aan die koste wat betref arbeid, versorging, weiding en ander koste of 'n bedrag soos ooreengekom.
- Alle aanteel is in die maatskappy/trust se balansstaat en dus buite die eienaar se boedel. Die markwaarde van die oorspronklike getal diere bly 'n bate in die eienaar se boedel.
- Die getal diere wat aan die einde van die kontraktydperk terugbesorg word, word verminder, indien van toepassing, met die getal wat bemark is.
- Die eienaar kan die trustees in enige stadium versoek om van die lewende hawe te verkoop en só kapitaal/inkomste herwin.
- 'n Deeloes-ooreenkoms word nie as vervreemding beskou nie. BTW, geskenke- of inkomstebelasting is dus nie ter sprake nie.
- Die termyn kan, en behoort, lewenslank te wees. Dit beteken die maatskappy/trust is 'n bedrag gelykstaande aan die markwaarde van die oorspronklike getal diere aan die boedel verskuldig. Die erflater kan hierdie getal diere testamentêr aan die maatskappy/trust bemaak. Gevolglik word die hele kudde vir altyd uit alle toekomstige geslagte se boedels gehaal.

Boedeleienaars moet deskundige raad inwin en veral seker maak dat enige trusts wat in boedelbeplanning aangewend word, behoorlik geoudit word ten einde risiko's te negeer en slaggate te vermy. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is 'n lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.